Vrouenaweek

aangebied deur NG Vishoek en NG Constantia

te Noordhoek Kampterrein

20-22 Augustus 2021

Dit gaan ‘n heerlike naweek van fellowship en kuier met mekaar, en stiltetyd met ons Vader en Sy Woord wees. Ons het sprekers wat ons gaan begelei in ons tema: “***Liggaam, Siel en Gees***” - hoe ons ons getuienis kan uitleef in ons alledaagse lewe en in alle aspekte van ons mens-wees.

Ons gaan die Vrydagaand om 18:00 inklok by die Noordhoek Kampterrein (oorkant Noordhoek Farm Village). Daar is nie baie parkeerplek beskikbaar nie so dit sal gaaf wees indien vriendinne kan saamry, of as iemand jou kan kom af- en oplaai. Die verrigtinge kom op Sondag die 22ste na afloop van die erediens en Nagmaal tot ‘n einde, ongeveer om 11:00 vm.

Alle etes, asook koffie en tee, word voorsien maar indien jy spesifieke dieetkundige voorkeure/vereistes het, bv. diabetes of vegetariër, is jy welkom om jou eie etes saam te bring of te laat aflewer.

Koste vir die naweek beloop R250 p/persoon wat akkommodasie en etes insluit.

Bewys van betaling dien as bevestiging dat jou plek bespreek is!

Stuur asseblief bewys van jou betaling na media@ngvishoek.co.za of WhatsApp 082 781 6672.

Betaling kan geskied via:

SnapScan

of

elektroniese oorplasing na:

Bank: ABSA

Rekeningnaam: NG Kerk Vishoek

Rekeningnommer: 3230140242

Takkode: 548-809

Verwysing: **VROUE en jou eie naam** (BAIE BELANGRIK!)

Bring asseblief saam:

- Eetgerei (bord, bakkie, mes, vurk, lepel, beker, teelepel, afdroogdoek)
- Gemaklike klere, stapskoene, sonbrandmiddel, waterbottel (vir die wis en die onwis 😊)
- Beddegoed, matrasoortreksel en kussing
- Eie toiletware en handdoek
- Bybel, pen en notaboek
- Flits (ingeval beurtkrag)

Indien jy bepaalde medikasie gebruik, bring asseblief ‘n voldoende voorraad saam.

Belangrik: Bring ‘n afskrif van jou mediese fonds se lidmaatskapkaart saam!

Kontak Lokkie van Niekerk per WhatsApp 082 781 6672 of e-pos na media@ngvishoek.co.za vir enige verdere navrae.

Hiermee registreer ek (naam en van)……

Selnommer…….. E-posadres……..

vir die Vrouenaweek. Ek verstaan dat nóg NG Vishoek en NG Constantia gemeentes, nóg die eienaar van die perseel, nóg die aanbieders van die vrouenaweek en aktiwiteite daarop aangebied of hul werknemers, agente of diegene tydelik in hul diens, sal verantwoordelik wees vir enige skade, verlies en/of beserings opgedoen uit hoofde van sodanige betreding van die perseel of deelname aan die aktiwiteite en vrywaar ek hiermee die eienaar van die perseel, die organiseerders van die bedrywighede daaropgeleë en alle werknemers in hul diens, agente en/of tydelike werkers teen enige aanspreeklikheid vir verlies of skade, van watter aard ook al.

Handtekening……Datum……

Betaalmetode: (merk met ‘n X)

Snapscan ☐ EFT ☐ Kontantbetaling by die kerkkantoor ☐

Kontaknommer van naasbestaande……..

Allergieë/siektetoestande……